*Kopiereg: Alle Bybelteksaanhalings is geneem uit die NUWE VERTALING 1983*



# DIE BURGER

## NERO DIE SIRKUSLEEU KRY AFTREETUISTE IN KAROO

---

Rencia Raubenheimer

**Die** herrie is weer los in diereregtegroepe oor McFarlane Sirkus se leeus.

Die sirkusbestuur het vroeër op sosiale media aangekondig dat hy na 'n aftreetuiste vir Nero, hul oudste leeu, op soek is. Die aftrede van Nero se afrigter, Casper the one-legged Clown, het die bestuur laat besluit om Nero ook op pensioen te plaas. Nero was veral onder tieners gewild, aangesien hulle toegelaat is om hom vir fotosessies te omhels.

Hoewel 'n paar erkende toevlugsoorde vir leeus en selfs Casper aansoek gedoen het om Nero in te neem, is hy toegewys aan Wannas Wannenburg, 'n boer wat twee plase in die Somerset-Oos-omgewing besit.

Wannenburg het gesê hy beplan om op die een plaas, Waterfontein, met 'n toevlugsoord vir leeus te begin. Sy tienerseun Juandre (17) gaan hom dié somervakansie met Nero se versorging help.

Diereregteorganisasies soos *Mercy for the Wild* en *Four Paws* vertrou

egter nie die vrede nie. In hul onderskeie persverklarings het hulle aangevoer dat sirkusleeus soms ongereguleerd aan jagplase verkoop word om as geblikte leeus vir trofeejagters te dien. Die Wannenburgs se ander plaas (Goedgeloof) is juis 'n geregistreerde jagplaas.

'n Woordvoerder van Mercy for the Wild het gesê leeus is nie troeteldiere nie.

"Leeus het soos alle wilde diere gedrags- en voedingsbehoeftes, asook sosiale en sielkundige behoeftes. Daarom moet hulle van geboorte af saam met hul eie spesie in hul natuurlike omgewing leef. Ons sal nie rus voor die gebruik van leeus of enige wilde diere in vertonings, of gevalle waarin hulle as troeteldiere aangehou word, verbode verklaar is nie," sê die woordvoerder van Mercy for the Wild.

McFarlane Sirkus het onlangs weer 'n hofgeding gewen toe daar beslis is dat hy binne die regulasies van die betrokke wet optree. McFarlane Sirkus het nie gereageer op versoeke om kommentaar nie.

---



# HOOFSTUK een

"NERO! Jou donkieboud is hier."

Die son maak al vroeg 'n bakoond van die dorre aarde. Juandre buk om deur die omheining van die leeukamp te kyk of hy die maanhaar in die skadu van een van die bosse gewaar.

"Nero!" Hy druk die homp rou vleis deur die voeropening.

Die kraagmannetjie kruip traag onder 'n bos uit. Sy swart maanhare bewe in die hittige windjie. Hy kom ruik aan die vleis. 'n Frons plooi tussen sy gouestroopoë.

"Hou sirkusleeus nie van donkie nie?"

Nero grom sag.

"O, oukei, jy het mos sirkusdonkies vir pelle gehad. Ek kan vir jou van my pa se skaapvleis gaan haal, maar hy sal agterkom as een enkele tjop verdwyn. En dan sal jy nie meer sy favourite leeu wees nie."

Nero se oë sê hy is in elk geval nie meer lus vir die lewe nie. Want wat vir 'n lewe is dit om te weet jy is op jou oudag alleen in 'n kamp van drie honderd by twee honderd meter toegesluit.

Juandre sluk aan die knop in sy keel. Die leeu se verslae gees het hom vanaf die dag wat hy hier in die kamp afgelaai is so ontstel dat hy daardie aand met ’n kramp in sy hart nie aan die slaap kon raak nie.

Hy het aan Nero se toertjies gelê en dink, hoe hy grasieus deur brandende hoepels kon duik terwyl Casper the one-legged Clown se sweep rondom hom klap. Die herinneringe was so werklik dat die reuk van warm lampolie, nat olifantmis en springmielies in sy kamer gehang het.

Nero sak met ’n sug af op sy maag. Sy stert swiep stof uit die grond op.

“Hoor hier, dis nie my skuld dat jy jou lewe lank in ’n traliesleepwa moes rondtoer nie. Dis ook nie my skuld dat jy nou hier is nie. Dáároor moet jy by my pa brom.”

“As ingonyama se kind sy stert so piets, is hy kwaad,” sê ’n hees manstem agter hom. “Of honger.”

Juandre draai om.

Saul Matanzima leun op sy kierie. Sy pankop blink in die son. Langs sy slape en in sy baard slaan die ouderdom blougrys deur. Ruwe vore oor sy gesig en die diep litteken teen sy voorkop laat hom gehard lyk. “As daai leeu vrykom, vreet hy ons een vir een op.”

“Gelukkig kan hy nie uitkom nie en buitendien is hy mak en oud.”

“Mak? Nee, ek sien sy oë lus jou.”

“Hy weet nie eens hoe om te jag nie, Saul.”

Saul boor met sy kierie in die grond. “Ek het jou pa gesoebat, moenie die leeu hierso bring nie, los hom daar by die sirkus, want hier kan iemand seerkry.” Hy kap die kierie teen

sy stowwerige stewel se punt. “Maar nee. Wat sal hy nou skielik oor ons worry.”

Juandre wikkel aan die slot en ketting om seker te maak dit is stewig vas. “Wat maak jy hierdie kant van die rivier, Saul? Het jy vergeet jy het afgetree? Jy moet mos oorkant op Goedgeloof wees.”

’n Roggelhoesie breek oor Saul se lippe. “Ek het gekom om met my eie oë die leeu te kom kyk. Maar nou sien ek ook, jy loop nog hoërskool, maar jou kop is klaar so hard soos jou pa en jou oupas s’n. Jy gaan net so ongeskik soos hulle wees as jy daar anderkant die rivier kom boer.”

“Chill, Saul. Ek wil nie eens probéér boer nie. Nie anderkant op Goedgeloof nie en ook nie hier op Waterfontein nie. Ek gaan universiteit toe.”

“Dis goeie nuus, maar sien is glo.” Saul wikkel ’n gebreide mus uit sy sak. “Wat wil jy loop leer?”

“Ek wil ’n dominee word. ’n Sendeling.”

Saul snorklag.

“Wat is so snaaks? Ek dit al geweet toe ek in graad drie was.”

Dit het alles begin toe hy eendag in die kerk aan die slaap geraak het en droom hy moet die Here help om sinkemmers water op die wolke om te keer sodat dit kan reën. Toe hy daar wakker word, het hy opgekyk na dominee Kennie wat so staan en lispel op die kansel en geweet wat hy wil doen eendag wanneer hy groot is.

“Die Wannenburgs is gebore om boere te wees,” sê Saul.

“Wel, ek weet ek is vir iets anders gebore.”

Almal spot hom al van kleins af wanneer hy ’n slagtery op die plaas vermy. Hy kon nog nooit die wanhopige uitdrukking